



REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

VORM 1

[Regulasie 2]

**INLIGTINGSKENNISGEWING AAN KLAER OF PERSOON WAT NAMENS DIE KLAER OM 'N
BESKERMINGSBEVEL AANSOEK DOEN****ARTIKEL 2(2) VAN DIE WET OP DIE BESKERMING TEEN TEISTERING, 2011 (WET NO. 17 VAN 2011)**

1. Hierdie kennisgewing verduidelik—
 - (a) die regshulp wat ingevolge die Wet op Beskerming teen Teistering, 2011, beskikbaar is; en
 - (b) die reg van 'n klaer om ook 'n kriminele aanklag teen die respondent aanhangig te maak.
2. Daar sal van u verwag word om hierdie kennisgewing te onderteken om te bevestig dat die bepalings van artikel 2(2) van die Wet op die Beskerming teen Teistering, 2011, en regulasie 2 van die Regulasies oor Beskerming teen Teistering, 2013, wat kragtens die Wet gemaak is en wat my verplig om —
 - (a) hierdie kennisgewing wat, indien moontlik, in 'n amptelike taal van u keuse moet wees, aan u te oorhandig;
 - (b) hierdie kennisgewing aan u voor te lees of toe te sien dat die kennisgewing aan u voorgelees word indien u nie die kennisgewing kan lees nie;
 - (c) van u te verneem of u die inhoud van hierdie kennisgewing verstaan; en
 - (d) om na die beste van my vermoë enige gedeelte van die kennisgewing te verduidelik wat u nie verstaan nie, nagekom is.
3. 'n Klaer (dit is 'n persoon wat geteister word) kan op enige dag en te eniger tyd, op die voorgeskrewe wyse om 'n beskermingsbevel teen teistering aansoek doen by die Landdroshof in wie se gebied —
 - (a) die klaer permanent of tydelik woon, besigheid bedryf of in diens is;
 - (b) die respondent (dit is die persoon wat die handeling van teistering pleeg) permanent of tydelik woon, besigheid bedryf of in diens is; of
 - (c) die daad van teistering plaasgevind het.
4. 'n Persoon pleeg 'n daad van teistering indien hy of sy regstreeks of onregstreeks meedoen aan gedrag wat hy of sy weet of behoort te weet —
 - (a) leed veroorsaak of 'n redelike oortuiging wek dat leed aan die klaer of 'n verwante persoon veroorsaak kan word deur die **onredelike** agtervolging, dophou, najaging of lastigvalling van die klaer of 'n verwante persoon, of meedoen aan verbale, elektroniese of enige ander kommunikasie wat op die klaer of 'n verwante persoon gemik is op enige wyse, ongeag of 'n gesprek daaruit voortvloei of nie; of die stuur, aflewering of reël van aflewering van briewe, telegramme, pakkette, faksimilees, elektroniese pos of ander voorwerpe aan die klaer of verwante persoon; of
 - (b) neerkom op seksuele teistering van die klaer of 'n verwante persoon.
Leed is omskryf as geestelike, psigologiese of fisiese leed of ekonomiese skade.
5. 'n Aansoek om 'n beskermingsbevel teen teistering kan deur 'n ander persoon namens die klaer gemaak word indien die persoon wat van voorneme is om vir 'n beskermingsbevel aansoek te doen, 'n wesenlike belang het in die welstand van die klaer of verwante persoon. Sodanige aansoek moet egter gebring word met die skriftelike toestemming van die klaer, behalwe in omstandighede waar die hof van mening is dat die klaer 'n persoon is wat in die mening van die hof nie in staat is om dit te doen nie.
6. Enige kind, of 'n persoon namens 'n kind, mag by die hof aansoek doen om 'n beskermingsbevel.
7. Die hof sal die aansoek van die klaer of 'n persoon beoog in artikel 2(3)(a) van die Wet op Beskerming teen Teistering, 2011, oorweeg en kan, indien die getuienis die feit staaf dat—
 - (a) die respondent aan teistering meedoen of meegedoen het;
 - (b) die klaer of verwante persoon leed ly of kan ly as gevolg van daardie gedrag indien 'n beskermingsbevel nie onmiddellik verleen word nie; en
 - (c) die beskerming wat deur die tussentydse beskermingsbevel verleen moet word waarskynlik nie verwesenlik sal word indien voorafgaande kennisgewing van die aansoek aan die respondent gegee word nie,
'n tussentydse beskermingsbevel teen die respondent uitreik.
8. 'n Tussentydse beskermingsbevel het regsrag vanaf die oomblik dat dit deur die hof uitgereik word en die bestaan daarvan onder die aandag van die respondent gebring is. 'n Afskrif van die aansoek en die oorkonde van enige getuienis genotuleer tydens die aansoek, tesame met die tussentydse beskermingsbevel moet op die respondent beteken word en die respondent sal versoek word om op die keerdatum in die bevel gespesifiseer, redes aan te voer

waarom 'n finale beskermingsbevel nie uitgereik moet word nie. Die beskerming wat 'n tussentydse beskermingsbevel verleen is tydelik van aard en sal op die keurdatum verval.

9. Op die keurdatum sal die hof die aangeleentheid aanhoor en kan 'n finale beskermingsbevel uitreik wat van krag sal wees vir 'n tydperk van vyf jaar of sodanige verdere tydperk wat die hof mag beslis by aanvoering van gegronde redes deur die klaer.

10. Die hof kan by wyse van 'n tussentydse of finale beskermingsbevel die respondent verbied om —

- (a) aan teistering mee te doen of te probeer meedoen;
- (b) die hulp van iemand anders te verkry om aan teistering mee te doen; of
- (c) enige ander daad in die beskermingsbevel vermeld, te pleeg.

Die hof kan enige bykomende voorwaardes wat die hof redelikerwys nodig ag aan die respondent oplê ten einde die klaer of verwante persoon te beskerm en vir sy of haar veiligheid of welstand voorsiening te maak.

11. Ingevolge artikel 10(4) van die Wet op Beskerming teen Teistering, 2011, moet die fisiese, huis- en werksadres van die klaer of verwante persoon uit die beskermingsbevel weggelaat word, tensy die aard van die bevel se bepalings die insluiting van die adres noodsaak en die hof kan enige lasgewings uitreik ten einde nakoming van hierdie bepaling van die Wet te verseker.

12. Wanneer 'n hof 'n tussentydse of finale beskermingsbevel uitreik sal 'n lasbrief vir inhegtenisneming vir die respondent uitgereik word, maar die uitvoering van die lasbrief sal opgeskort word onderworpe aan die nakoming van enige verbod, voorwaarde, verpligting of bevel wat die hof opgelê het om die teistering van die klaer te voorkom. Indien die respondent enige verbod, voorwaarde, verpligting of bevel in die beskermingsbevel gespesifiseer oortree, kan die klaer die lasbrief vir inhegtenisneming, tesame met 'n beëdigde verklaring, waarin vermeld word dat die respondent die beskermingsbevel oortree het aan 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie oorhandig wat—

- (a) indien daar 'n moontlikheid is dat die klaer leed mag ly, die respondent arresteer; of
- (b) indien daar onvoldoende gronde is vir die arrestasie van die respondent, 'n skriftelike kennisgewing aan die respondent moet oorhandig om in die hof te verskyn,

om te tereg te staan op 'n kriminele klag van oortreding van 'n beskermingsbevel.

13. Ek sal u voorsien van 'n aansoekvorm indien u aansoek wil doen om 'n beskermingsbevel teen teistering

14. Bo en behalwe die aansoek om 'n beskermingsbevel het u ook die reg om 'n kriminele klag teen die respondent aanhangig te maak indien die teisterende gedrag ook 'n misdryf uitmaak. Dit is egter nie nodig om 'n kriminele klag aanhangig te maak om 'n beskermingsbevel te verkry nie.

15. WAARSKUWING:

15.1 Dit is 'n kriminele oortreding om 'n valse verklaring in 'n beëdigde verklaring te maak—

- (a) vir die aansoek om 'n beskermingsbevel;
- (b) te dien effekte dat die respondent 'n beskermingsbevel oortree het.

15.2 Die hof kan 'n koste bevel teen 'n persoon maak indien die hof van oordeel is dat die tersaaklike party beuselagtig, kwelsugtig of op 'n onredelike wyse opgetree het.



(Skeur af en plaas op hoflêer indien die klaer of persoon wat namens die klaer om 'n beskermingsbevel aansoek doen, voortgaan met aansoek)

*** Skrap wat nie van toepassing is nie**

Aansoeknommer:/20.....

Datum:

Naam en van van klerk van die hof:

Naam en van van *klaer/*persoon wat namens die klaer om 'n beskermingsbevel aansoek doen:

.....

*Handtekening/*duimafdruk/*merk van *klaer/*persoon wat namens die klaer aansoek doen om 'n beskermingsbevel